# BUISFONTEIN: 'N PIONIERSERFENIS AS TOERISME-BESTEMMING

**Elize S. van Eeden**

*Skool vir Basiese Wetenskappe, Vaaldriehoekkampus, Noordwes-Universiteit*

**& Piet J.J. Prinsloo**

*Rektor, Vaaldriehoekkampus, Noordwes-Universiteit*

*Posbus 1174 Vanderbijlpark 1900*

**Buisfontein – a pioneer heritage as tourist attraction**

Buisfontein, situated close to the present-day Klerksdorp, is a farm that is not unfamiliar to the cultural experts of South Africa. Though inhabitants and migrations of nomad groups - centuries ago - can certainly be exposed to more research to expand the socio-anthropological value of the area's future focus on tourism, the remains certainly already reflect a unique past. The historically well-known and contentious Coenraad de Buys/Buis is associated with this environment, followed by some of the first white Trekkers who settled in the area. Within this framework a space has been developed for the P.F. Ernst descendants – known with the farm for decades as owners and inhabitants – to re-purchase portions of Buisfontein from the new owners and to restore some of the dwellings, as originally occupied, for the Ernst descendants, for regional-cultural enthusiasts and other interested parties. Some distinguishing features of the environment (the fountains, ridges and trees), the game that formerly featured in this area, the remains of groups that occupied the region for long periods before the Trekkers settled in the area after 1838, are facets that will also be accentuated in a tourism focus for the future.

Probably the most distinctive feature of the restoration effort by the Ernst family is the fact that it is undertaken exclusively with private funds. In the present article the focus will be on aspects of the rich pioneering history that allows Buisfontein to become a beacon in the tourism market in its own right. The features of the

environment are also accentuated as far as they were prominent in human usage. The conclusion will shed some light on Buisfontein as a tourist attraction for the future.
**Key words:** Buisfontein; PF Ernst; HJ van der Merwe; Coenraad de Buys/Buis; Klerksdorp; Hartebeestfontein; tourism; historical buildings; fountains/eyes; architecture

Buisfontein, geleë naby die hedendaagse Klerksdorp, is nie ‘n onbekende plaas onder die kultuurkenners van Suid-Afrika nie. Hoewel die bewoning en migrasies van vroeëre nomadegroepe in die gebied – eeue gelede – sekerlik nog aan meer navorsing blootgestel kan word om veral die sosio-antropologiese waarde van die omgewing vir toekomstige toerisme uit te bou, reflekteer die oorblyfsels reeds ‘n unieke historiese verlede. Die histories-bekende en omstrede Coenraad du Buys/Buis word ook met die omgewing verbind, gevolg deur van die eerste Voortrekkers wat hulle in die gebied gevestig het. Binne hierdie vestigingsraamwerk het ‘n ruimte vir die P.F. Ernst-nasate ontwikkel – toe al dekades lank vertroud met die plaas as eienaars en bewoners – om dele van die plaas van nuwe eienaars terug te koop en van die aanvanklike woonhuise te restoureer: vir die Ernst-nageslag; vir streekkultuurliefhebbers, asook belangstellendes. Die uitsonderlike kenmerke van die omgewing (fonteine, rantjies en bome), die wild wat eertyds hier voorgekom het, en die oorblyfsels van groepe wat voor formele Trekkervestiging in 1838 hulle in die omgewing bevind het, is fasette wat ook binne ‘n toekomstige toerismefokus beklemtoon sal word. Die uitsonderlike uniekheid van dié restourasiepoging, is dat dié histories-gedrewe passie van die Ernst-familie eksklusief met privaatfondse onderneem word. In dié artikel word veral klem gelê op aspekte van die ryk pioniersgeskiedenis wat van Buisfontein ‘n toerismebaken in eie reg maak. Die rol en kenmerke van die omgewing word ook beklemtoon in dié mate wat dit prominent in

menslike handelinge was. Ten slotte word ‘n blik gebied op resente aktiwiteite om van Buisfontein ‘n toerisme-aantreklikheid vir die toekoms te maak.

**Sleutelwoorde**: Buisfontein; P.F. Ernst; H.J. van der Merwe; Coenraad de Buys/Buis; Klerksdorp; Hartebeestfontein; toerisme; historiese geboue; fonteine/oë; argitektuur.

## Inleiding

Weens die bestaan van die sterk eeu-oue fontein [Fig. 1 & 2] strek die plaas Buisfontein[1] se besetting sedert die Ystertydperk.[2]



**Figuur 1: Buisfontein se “oog”**
(Foto: P.F. Ernst jr.)

1 Die plaas was eers genommer as Buisfontein 186, Potchefstroom; toe nr. 27 as deel van die distrik Klerksdorp en teen 2006, Buisfontein 367 IP. Kyk Nasionale Argief van Suid-Afrika (hierna NASA), Pretoria, Registrateur van Aktes (RAK), Band 2875.
2 Vergelyk L.H. Wells, A report on the stone structures of the Platberg, Klerksdorp, *South African Journal of Science* 30, 1933, pp. 582-584; T.V. Bulpin, *Lost trails of the Transvaal* (Cape Town, 1956), pp. 40-41; 47; 60; 68; 157.



**Figuur 2: Die uitloop van Buisfontein se "oog"**
(Foto: P.F. Ernst jr.)

Bekend as die eerste plaas oorkant die Vaalrivier waar die eerste blankes vir 'n aantal maande tot jare gewoon het, verdien hierdie geskiedenis om bewaar te word. Insiggewend min is in gepubliseerde en ongepubliseerde herinneringe oor die gebied, die mense, die aktiwiteite en selfs die minder aangename gebeurtenisse soos oorloë en siektes naspeurbaar. Tog, sou dit enigsins moontlik wees om alle argivale bronne deeglik deur te werk, sou hierdie plaas se bewoners – dalk weggepak onder onbekende temas, gebeure en name – herleefbaarder gemaak kon word. Wat opgeteken is, is reeds histories gedenkwaardig en vermeldenswaardig. Op grond hiervan word die struktuur van bespreking toegelig, soos dit in die volgende afdelings uiteengesit is.

**Topografiese kenmerke**

Die plaas Buisfontein is 40 km noordwes van Klerksdorp langs die huidige Hartbeesfontein-Brakspruitteerpad (R507) geleë. Toegang na Buisfontein geskied uit die Hartbeesfontein-Ventersdorpdistrikspad wat 'n geteerde roete is. In 'n omgewing met baie struikgewas en gras was die plaas begroei met hoofsaaklik wilgers, soetdoringbome, witstinkhoutbome, blinkblaar-wag-'n-bietjie, haak-en-

steek, mispel, karee, populier, die ghwarrie- en rosyntjiebos.[3] In die lente is die plumbago-oortrekte rante vir bewoners ‘n verruklike gesig. Oeroue vulkaniese aktiwiteite is ook in geologiese formasies waarneembaar. Buisfontein word beskou as een van die geskiedkundigste en mooiste plase in die Klerksdorp-gebied.[4] Dié plaas was van die dertigerjare van die 19de eeu onder die Klerksdorpse/Schoonspruitwyk-distrik geadministreer. ‘n Gedeelte van Buisfontein is ook dekades later onder die Wolmaransstad munisipale beheer geplaas.[5]

**Die vroegste pioniers**

***Swart groeperinge voor blanke sigbaarheid, 1813***

Algemene bronne dui aan dat die huidige Klerksdorp-Wolmaransstad-gebied teen 300 v.C. deur ‘n San-groepering bewoon is.[6] Migrasies uit Europa en Indië het ook oor eeue ander mense na die omgewing getrek.[7] Met die koloniale besetting van die Kaap de Goede Hoop in 1652 deur die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (HOIK of VOC) was ander groeperinge eweneens in die binneland van suidelike Afrika teenwoordig.[8] So is bewegings van ‘n Noord-Sotho-stam –die Leghoya – uit die huidige Botswana tot in die Vrystaat-omgewing opgemerk.[9] Bronne oor die gebied vermeld die aanwesigheid van dié mense en die Barolong met die aankoms van Trekkers in die gebied. Die Rolong het teen die 1820’s uit vier stamme bestaan wat oor ‘n wydverspreide gebied (veel verder as die grense van Wolmaransstad) hulle mag uitgeoefen het. Hieronder val die leierskappe van Seleka en Siffonello.

---

3 Vergelyk P.H.S. van Zijl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad* (Potchefstroom, 1966), pp. 11, 27; NWU, Buisfonteinprojek, Herinneringe Max Ernst, 2007-08-03.

4 Vergelyk Klerksdorp Museum, Inligtingstuk: Buisfontein: historiese agtergrond en benuttingsmoontlikhede, sj., p. 4.

5 Vergelyk P.H.S. van Zijl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*; J.S. Coetzer, *Die geskiedenis van Wolmaranstad tot met Uniewording* (Potchefstroom, 1986).

6 Vergelyk P.-L. Breutz, *Stone kraal settlements in South Africa, African Studies*, 15(4), 1956, pp. 157, 161-162.

7 Vergelyk J.H. Bentley & H.F. Ziegler, *Traditions & Encounters. A global perspective on the past* (New York, 2000), pp. 178-179.

8 Vergelyk M. Wilson and L. Thompson (eds), *A history of South Africa to 1870* (Cape Town, 1982), pp. 41-227.

9 Vergelyk P.-L. Breutz, *Stone kraal settlements in South Africa*, p. 157; T.V. Bulpin, *Lost trails of the Transvaal*, pp. 23-24.

Die sterk teenwoordigheid van die Mantatese het in ‘n stadium groot angstigheid geskep omdat hulle uitwissingsgerig was.[10]

### *Coenraad de Buys [du Buis] (* 1761-1821) en die vestiging van die plaasnaam Buisfontein*

Coenraad de Buys[11] (1761-1821) word deur historici beskryf as ‘n baanbreker, avonturier en swerwer. Sy uitsonderlike fisieke kenmerke is ook gedokumenteer, naamlik ‘n ware pionier van nagenoeg 2.13 m lank, met die voorkoms van die mitologiese Hercules.[12] As ‘n persoon met ‘n hoë voorkop, statigheid en ‘n beskeie manier van praat, het hy by ‘n verskeidenheid kultuurgroepe respek afgedwing. Sy politieke meelewendheid in die Oos-Kaap (by Graaff-Reinet en Swellendam) in die eerste dekade van die 19de eeu het hom in sommige kringe gewilder as in ander gemaak. Vir hoofmanne soos Ngqika (Xhosa-leier), Dingiswayo (Zulu-opperhoof) en Mahura (Thlaping) was hy ‘n raadgewer teen die Engelse Koloniale gesag. Hy het soms as bevelvoerder van hulle impi’s opgetree.

Met die Tweede Britse besetting van die Kaap in 1806 het omstandighede daartoe gelei dat De Buys voëlvry verklaar is met ‘n prys van £200 op sy kop. Die historiese waarde van Coenraad de Buys in die konteks van die latere Buisfonteinplaas kry van 1813 ‘n wending toe hy en sy familie die Oos-Kaap vir ‘n swerwersbestaan in die binneland verruil het. Hoewel De Buys se bewegings nie só noukeurig opgeteken kon word nie, is die meeste bronne dit eens dat hy hom minstens nagenoeg twee jaar (1813-1815) lank naby die sterk fontein van die latere Buisfontein gevestig het, waarna hy verder noordwaarts beweeg het.[13] Die teenwoordigheid van die legendariese De Buys op die latere Buisfontein, is

10 Vergelyk P.H.S. van Zijl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, pp. 10-13.
11 Bronne wissel die spelwyse van Coenraad se van as Du Buys of Du Buis of De Buis/Buys.
12 Die skrywers se verwysing na Du Buys as gelykstaande aan Hercules – ‘n bekende figuur binne die Griekse mitologie – is bloot om Du Buys se besondere forsheid, liggaamskrag, uithouvermoë en beroemdheid te beklemtoon. Vergelyk met enige Verklarende Woordeboek oor die mitologiese figuur Hercules.

uiteindelik in die naam van die plaas verewig. Voorts word hy as die eerste blanke pionier noord van die Vaalrivier beskou, lank voordat die Voortrekkers in die gebied aangekom het.[14] 'n Ander aspek van De Buys is dat hy amptelik met vroue van kleur in die huwelik verbind was, wat ook teen die gees van die tyd was. Onwetend dus het De Buys geskiedenis gemaak, en dit het daartoe gelei dat sy naam met die latere plaas Buisfontein verbind is, as een van die bakens wat hom vereer het. Daarmee is 'n uitsonderlike waardetoevoeging tot Buisfontein gemaak.[15] Die eerste permanente Voortrekker-plaaseienaar, Hendrik Jacobus van der Merwe, se meerdere kennis oor De Buys se eertydse bewegings in die gebied, het waarskynlik tot dié verering gelei. Daarby moet vermeld word dat De Buys hom gedurende ca. 1813-1815 onder die sendelinge by Matlwase, wes van Klerksdorp, bevind het, nog vóór Trekkervestiging ook bekend as Buis se Fontein.[16]

Dit is opvallend dat die oudste plase wat deur hierdie blanke pioniers beset is, gewoonlik waterryke plase was.[17] Die eerste pioniers het gewoonlik 'n bepaalde trekpatroon gevolg. Trekgeselskappe het by verskeie plekke op hulle roete uitgespan en dae, weke of selfs maande lank, in waens of tente gebly.[18] Dit was waarskynlik die verblyfpatroon gedurende De Buys se swerfjare, wat klaarblyklik 'n tweejaarlange verblyf op Buisfontein ingesluit het. Die permanente vestiging van blankes op Buisfontein het dus eers met die koms van die Voortrekkers geskied.

---

13 L. Trichardt, *Dagboek van Louis Trichardt* (*1836-1838*), 2de hersiene uitgawe (Kaapstad, 1938); T.V. Bulpin, *Lost trails of the Transvaal*, pp. 23-24; H. Giliomee & B. Mbenga, *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, 2007), pp. 31, 36, 81-82.

14 Vergelyk D.W. Kruger (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II* (Goodwood, 1972), pp. 165-167; A.E. Schoeman (neé Kingdon), *Coenraad de Buys, The first Transvaaler* (Pretoria, 1939).

15 Vergelyk L. Trichardt, *Dagboek van Louis Trichardt* (*1836-1838*), A.E. Schoeman, *Coenraad de Buys, The first Transvaaler*; L.V. Coogh, *The Transvaal and its mines*, p. 30.

16 R.J. Mason, *Origins of the African people of the Johannesburg area* (Johannesburg, 1987), p. 86.

17 Vergelyk R. Mendelsohn, *Sammy Marks: the uncrowned king of the Transvaal* (Cape Town, 1991), p. 27.

18 J.J. Smit, *Die geskiedenis van Heidelberg, Transvaal, 1836-1877* (M.A.-verhandeling, Unisa, 1958), p. 27.

## Trekkervestiging ná 1836 in die binneland

### *H.J. van der Merwe en sy nastate as eerste pioniers op Buisfontein*

Die volgende vestigingsfase op Buisfontein het in 1837 aangebreek met die gesiene Hendrik Jacobus van der Merwe (1795-1877) as eienaar.[19] Hy was afkomstig uit die distrik Graaff-Reinet.[20] Sy ouers was Hendrik Jacobus van der Merwe en Maria Doria van Wijk. Ongeveer 20 Augustus 1815 trou hy met Hester Sophia Maartens. Ses kinders – vyf dogters en een seun – is uit die huwelik gebore, naamlik: Hendrina Magdalena (1819); Hendrik Jacobus (ca. 1823-1885); Ana Jacoba (1825); Maria Dorothia (1827); Jacomina Jacoba (1827) en die jongste dogter Johanna Catharina (1834-1920) wat met Pieter Francis Ernst ('n latere Buisfontein-eienaar) getroud was.

Die Van der Merwes was glo deel van 'n eerste groep van 12 Voortrekkers wat bykans twee weke voor die res in Klerksdorp-gebied aangekom het.[21] Hulle moes hulle teen 1837 in die omgewing van Buisfontein gevestig het. Volgens amptelike rekords is Buisfontein op 17 Maart 1841 deur J.G. Mocke geïnspekteer en die oordrag op 16 Januarie 1856 bekragtig.[22] Dit blyk dat die plaas van aanvang af as Buisfontein bekend gestaan het. Die plaas is kort na Trekkervestiging beskryf as Buisfontein, geleë in die distrik Schoonspruit van Potchefstroom. Uit die eerste dokumente wat uit die 1850's dateer is die plaasnaam deur 'n verskeidenheid persone ook so geskryf:

- Buisvontijn[23] [selfs deur Van der Merwe jr. in 1866 só geskryf]
- Buys fonteyn[24]

---

19 Kyk verderaan die afdeling oor "Buisfontein voor 1899".
20 Vergelyk ook NWU, Buisfonteinprojek, Herinneringe Pieter Ernst, 2005-10-21.
21 Vergelyk Klerksdorp Museum, Manuskrip, R. Marx, *Coenraad de Buys se Buisfontein*, ca. 1985.
22 NASA, Unie van Suid-Afrika, 14/2/13: Assistant Chief Archivist – B. Botha (Dept. Of Commerce and Industries), 1939-06-17. Vergelyk ook ZAR, Volksraad, Resolusies, 1856-03-11, artikel. 41-42; Aktekantoor, Pretoria, Kaart 261/97, p. 92, Buisfontein, 1897.
23 Vergelyk NASA, TAB, SS, Band 75, Buisfonteiners – Staatsekretaris, 1866.

‘n Verdere erkenning van die regeringsoordrag van die plaas aan Hendrik Jacobus van der Merwe het eers op 15 Oktober 1858 gevolg.[25] Na ongeveer 20 jaar op die plaas, het Van der Merwe (sr.) se seun Hendrik (jr.) en ‘n skoonseun Pieter Francis Ernst die grootste gedeelte van Buisfontein teen 1869 vir omtrent Rds8000 gekoop. H.J. van der Merwe (sr.) het naastenby 4 000 ha se lewensreg vir homself op die plaas behou. Volgens ‘n dokument aan die Staatsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1859, het Van der Merwe (sr.) hom toe reeds voorberei om in die Republiek van die Oranje-Vrystaat “af te tree”.[26] Hendrik (jr.) het in die vroeë tagtigerjare van die 19de eeu sy gedeelte van Buisfontein aan die welgestelde P.I. Kirstein verkoop. Uiteindelik sou die nageslagte van Pieter Ernst en Izaak Kirstein Buisfontein in 30 eenhede onderverdeel. Teen 1885 was die gedeeltes waarop die eerste pioniers gewoon het, klaarblyklik – volgens die aktes van transport (T 22786 en T 6472/90) – in die naam van Hendriëtta Kirstein geregistreer.

***P.F. Ernst vestig ‘n eeuelange verbintenis met Buisfontein***

Pieter Francis Ernst[27] (*2 April 1824 - †22 Desember 1908) was ‘n boorling uit Graaff-Reinet se omgewing.[28] Sy ouers was Friedrich Wilhelm Ernst[29] (verwant aan ‘n groep Duitse immigrante) en Cornelia Johanna Oertél. (Die egpaar is op 9 Junie 1817 getroud). P.F Ernst was nog ‘n baie jong tiener toe hy die ongerepte binneland van Suid-Afrika betree het. Dit is onseker of hy sonder sy ouers noordwaarts getrek het, en of hy saam met die Van der Merwes getrek het. ’n Moontlikheid is dat sy ouers goed bevriend met die Van der Merwes was, aangesien hulle ook uit die distrik Graaff-Reinet afkomstig was, en waarskynlik

---

24 NASA, Aanwins 336, s.d.
25 NASA, RAK, 2875, Oordragsregisters Klerksdorp.
26 NASA, SS, 2649/59, H. van der Merwe – Staatsekretaris C. Moll, 1959-03-08.
27 In testamentêre en RAK-bronne word soms verwys na PF en selfs nasate as Pieter Francois, of Pieter Francis met “Francoois” tussen hakies daarnaas.
28 NASA, MHG 13260, 1980.
29 August, seun van D. Ernst en Bertha Willig, het twee kinders gehad.

deur dieselfde griewe gemotiveer is om aan die Groot Trek deel te neem.[30] Dit wil voorkom of Pieter Francis, vandat hy hom in die binneland begewe het, sy intrek by die Van der Merwes op Buisfontein geneem het. Voorts kon dit ook wees dat Pieter Ernst en Hendrik van der Merwe, Buisfontein pionier H.J. van der Merwe (sr.) se enigste seun, gedurende hulle kinderjare op Graaff-Reinet vriende was. Gevolglik was P.F. Ernst se vestiging op Buisfontein moontlik ‘n welkome hereniging en ‘n geleentheid wat Van der Merwe (sr.) hom gegee het om sy eie potjie te krap en op die koop toe was hy nog ‘n seunskind wat op die plaas kan help arbei. Nasate is van oordeel dat Pieter Ernst op eie houtjie saam met die Van der Merwes na die binneland getrek het en dus net so lank met Buisfontein as die Van der Merwe-gesin geassosieer kan word.[31] Pieter Ernst is teen ca. 1850 met Johanna Catharina, die jongste dogter van die Van der Merwes getroud **[Fig. 3]**.[32]



**Figuur 3: Pieter Francis Ernst en Johanna Catherina van der Merwe[33]**

(Fotoversameling: P.F. Ernst (*1922-03-07))

---

30 Vergelyk C.F.J. Muller, *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Pretoria, 1987), pp. 101-103, 162; H.J. van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854* (Pretoria, 1989), pp. 112-114.

31 Vergelyk ook NWU, Buisfonteinprojek, Herinneringe Pieter Ernst, 2005-10-21.

32 Johanna Catharina is op 17 November 1834 gebore en op 5 Februarie 1920 oorlede.

33 Pieter Francis Ernst, (*1824-04-02 - †1908-12-22). Hy was met Johanna Catherina van der Merwe (1834 - 5 Februarie 1920) getroud. Hulle het vier seuns en vier dogters gehad. Frederik Wilhelm, die volgende stamvader, was die tweede kind wat gebore is.

Op 20 Mei 1869 het Pieter ‘n formele vastrapplek op die plaas Buisfontein gekry toe hy ‘n opsie deur H.J. van der Merwe (sr.) gebied is om ‘n gedeelte van Buisfontein te bekom. Die koopakte het behels dat die helfte van die koopsom (Rds4000) in vier gelyke paaiemente op ‘n jaarlikse grondslag teen ‘n 5% rente-heffing betaal sou word, sou daar ‘n versuim word om eers teen die laaste dag of later te betaal. Die tweede gedeelte van die betaling (Rds4000) moes eers na die dood van H.J. van der Merwe (sr.) aan sy eggenote Hester Maartens betaal word.[34]

Die Pieter Ernst-nasate as verdere stamnaamdraers op gedeeltes van Buisfontein was soos volg:

- Hendrick Jacobus (596 morg) – oudste seun, gebore 1855.
  (Sy seun Pieter Francis was ook bekend as Pieter “Speek”);
- Pieter Francis (660 morg – tweede seun, gebore 1858.
  (Sy seun Pieter Francis was ook bekend as Pieter “Jorrie”);
- Frederick Wilhelm[35] (427 morg) – derde seun, gebore 1863.
  (Sy seun Pieter Francis was ook bekend as Pieter “Peepsight”);
- Willem Hendrik Johannes (660 morg) – gebore 1870.
  (Sy seun Pieter Francis was ook bekend as Pieter “Sigarettes” [sic]).

Vier dogters is ook uit die Ernst-huwelik gebore. Hulle was eweneens “eienaars” van gedeeltes van Buisfontein, maar soos gebruiklik in daardie jare, was hulle mans die broodwinners en hoofde van die huishoudings. Die dogters was Johanna Cornelia Catharina Ernst (getroud met Hermanus Richard Lemmer); Catharina Helena Ernst (getroud met Robert Johannes Jooste); Hendrina Magdalena Ernst (getroud met Coenraad Josephus du Toit) en Anna Jacoba Ernst (getroud met Schalk Daniël Jacobus van Jaarsveld). Hierdie agt-stuks nasate het sowel ‘n stewige bydrae tot die P.F. Ernst-stamboom gelewer, as die lewenstyl op Buisfontein aan die vooraand van die twintigste eeu.[36]

---

34 Vergelyk NASA, TAB, MHG, 13260, Pieter Francis, M 4719, sterftekennis en testamentêre detail, 1908; 81924; Klerksdorp Museum, Manuskrip, R. Marx, “Coenraad de Buys se Buisfontein”, ca. 1985.

35 Die naam Frederick het uit die stamboom verdwyn. Die naam Frikkie is alom gebruik.

36 Vergelyk NASA, TAB, MHG, 13260, Pieter Francis, M 4719, sterftekennis en testamentêre detail, 1908; 81924, Pieter Francis, sterftekennis 1933; 3749/51, Pieter Francis, sterftekennis 1951; 33187/17, sterftekennis, Susanna Carolina Ernst (geb. Schoeman), 1917-09-09; 2370/40, 46991/21, sterftekennis, Willem Hendrik Johannes, 1940; NASA, RAK, Oordragsregister, 2875,

**Buisfontein voor 1899**

***'n Hofsaak oor die middelpunt van Buisfontein***

Die natuurlike standhoudende fontein of oog op Buisfontein was deur die eeue dié belangrikste motivering vir groepe om 'n tyd lank daar te vertoef. Kort na Trekkervestiging en die proses van plaastoekennings, wou pionier Van der Merwe die middelpunt van Buisfontein deur 'n hofsaak herbepaal omdat hy van mening was dat foute met die inspeksie van die grond begaan is. Die "kwetsie over het middenpunt" van H.J. van der Merwe se "woonplaats Buisfontein" (23 Julie 1855) het daarop neergekom dat die sterk fontein op die plaas as waterbron, nie in daardie stadium in Van der Merwe se grond geval het nie. Die geskil rakende die middelpunt van die plaas het vir bykans drie dekades geduur.[37] C.J. Lubbe het op 18 Oktober 1852 die saak aangaande Buisfontein se fontein soos volg verwoord (die oorspronklike spelling en van die punktuasie is behou):

> *Eenne Verklaareng waar ik by was op den 8st Juny, 1852, ik verklaar, C. Lubbe, dat op den agste Juny drie mannen by H.J. van der Merwe gekoomen is Vurstenber[g], Davet Bota [,] J. Pienaar. Een heft by hun instruktie dat dese drie mannen de gemelde plaats Van H.J. van der Merwe moes afgaan en de vrug gront aan hom moest toe kennen. Een diese drie personen en heft met hem gedaan. En verder verklaar ik C. Lubbe dat de drie persoonen aan H.J. van der Merwe vraagt waar buisfontijn is En H.J. van der Merwe heft het aangewesen, daar op is de persoonen langers de waaters loop op ge tien minuten hoger En de gesegte. En J. Pienaar, D. Bota, J. Vustenbe[r]g heft de aanvraag gaan aanwysen buiten zyn In struktie.* [38]

Landdros Botha het op 14 Augustus 1854 Buisfonteineienaar Van der Merwe gedaag om op 6 September 1854 voor die hof te verskyn, omdat hy na bewering Jacob Pienaar beskuldig het dat hy 'n "grond dief" en 'n "MeynEediger" is. As boete het Pienaar £100 sterling vir die "reformatie van karakter" geëis,[39] maar uit

---

pp.117-118; Vergelyk Klerksdorp Museum, Manuskrip, R. Marx, *Coenraad de Buys se Buisfontein*, ca. 1985; NWU, Buisfonteinprojek, Herinneringe Pieter Ernst, 2005-10-21.

37 NASA, Aanwins 336(b) II, Verklarings, 1852-10-12; 1852-10-18.

38 NASA, Aanwins 336 IV, 1854-08-14; Aanwins 336, b V, 1854-09-11; Aanwins 336, b VI, 1854-10-27; Aanwins 336, b VII,1854-11-27; Aanwins 336, b IX, 1855-06-17; Aanwins 336, b XIV, 1869-01-15;

39 NASA, Aanwins 336, b X, 1854-07-23.

dokumente blyk dit nie asof Van der Merwe dit ooit betaal het nie. Landdros De Clerq het op 23 Julie 1855 op Lydenburg soos volg verklaar:

> *…ik was in de maand Maart of April van het jaar 1839 en bij tegenwoordig toen die plaats door genoemde van der Merwe genomen is, het juiste middelpunt kan ik niet positief opgeven, maar zoo verre mij bekend is, volgens de opgave van de genoemde eigenaar en zijn Zoon Hendrik van de Merwe toen op na bovengemelde datum in het begin van het jaar 1840 met hem was op die plaats heft hij mij het middelpunt op de aanvraag van de plaats aangewesen, zijnde daar waar als toe door hem een kleine tuin gemaakt was, zijnde daar waar wij als toen met de paarden waren onder de vale kop kort aan de bovenkant waar de droogten laagte van de dwarseberg afkomt aan de Onderzijde waar de twee spruiten by elkander inlopen…*

Die uiteinde van die saak was dat Van der Merwe glo bevind het dat "dat 't waters waan Zyn ordonantie was verzwakte, en verzwakte aan de gemelde fonteintjie om zyn middelpunt."[40]

In 1874 het staatsprokureur James Buchanan van Pretoria in 'n dokument getiteld "Opinie" opgemerk dat die Van der Merwe-saak, wat toe al 31 dokumente beloop het, moeilik en ingewikkeld is. Hy het ook aan H.J. van der Merwe krediet gegee as een van die eerste Voortrekkers wat reeds in die "roemryke" 1836 om 'n inspeksie vir die okkupasiereg op die plaas onder die voorgeskrewe bepalings versoek het en dat dit deur die "Heer de Klerk" bekragtig is.[41] Hy het die volgende insiggewende inligting verskaf:

> *Op den 3 den Juny 1839 heefd de Heer Van der Merwe de plaats 'De Buis zijn Kraal' gelegen aan Schoonspruit aangetekend. Deze plaat heeft naderhand verschillende namen gekregen, zoo als ook Buisfontein, Buispoort, enz., maar zoo als ik verstaan, kan er aangaande dit punt gene 'gevarigheid' opkomen, daar ik geinformeerd ben. Dat er in het gehele District van Potchefstroom geene andere plaats is welke een of ander deze namen heeft.*
>
> *Op den 22 den July 1839 heeft de Heer van der Merwe, volgens document 2 de somma van Rds 1"5"2 behoorlijk betaald en op den 18den Maart 1841 zijn door den Veldkornet du Preez en Mede-inspecteurs de plaatsen Hartebeestfontein, Buisfontein en Rietfontein geinspecteerd...Alles was*

40 NASA, TAB, SS, 22, 1858-11-20; 1853-11-04.

41 Vergelyk G.N. van den Bergh, Voortrekkerplaasbesetting op die Transvaalse Hoëveld: 'n versteurde beeld, *South African Journal of Surveying and Mapping* 20(7), Desember 1990, pp. 301-304.

> *vrede tot in 1851...Van der Merwe heeft alreeds in Januarij van dit jaar tegen inbreuk van zijne regten, 14 jaar tevore gekregen, geprotesteerd...Onder de papieren zijn belangrijke documenten en Certificaten door de Heeren Lombaardt en du Plooij waaruit duidelijk blijkt dat de middelpunt van Buisfontein of Buiskraal ene gekose doornboom was, op ene gekose manier gemerkt, en welke nog gesien kan worden...*

Buchanan gaan voort deur te verduidelik dat Van der Merwe vir Pienaar as ‘n “gronddief” beskuldig het, toe die middelpunt van die plaas bepaal is, waarop Pienaar vir Van der Merwe gedagvaar het. Uit die notas by hierdie dokument van Buchanan is “fout” geskryf. Waarskynlik is dit ‘n nota wat deur ‘n Van der Merwe gemaak is. Nietemin was Buchanan bekommerd oor die nodige detail wat in hierdie twisstryd ontbreek het. Hy was van mening dat Van der Merwe sy kant van die saak eintlik verwaarloos het, sodat die indruk – aldus Buchanan – maklik ten gunste van Pienaar kon blyk. Self was Buchanan duidelik nie voorsien van die nodige agtergrond en dokumente om seker te maak wat die detail van die verloop en afloop van die saak was nie. Ondanks al die krisisse rakende die verskille tussen hierdie twee here oor Buisfontein, het Van der Merwe in 1858 transport verkry[42] – waarskynlik sonder sy versoek dat die middelpunt, soos hy dit wou gehad het – toegeken is, vandaar die dekadeslange twis.

Verdere dokumente oor hierdie gekibbel aangaande een van die eertydse Zuid-Afrikaansche Republiek (hierna ZAR) se oudste plase, is nie gevind nie. Die plaas was immers reeds sedert 1870 in die hande van Van der Merwe jr. en sy swaer Ernst. Derhalwe was hierdie jarelange verskille tussen Van der Merwe en die eertydse landmeters al effe verouderd, maar nie noodwendig tot bevrediging van enige party afgehandel nie.[43] Uit hierdie geskil is nogtans heelwat van die plaas Buisfontein en sy eerste eienaar te wete gekom. Dat só ‘n geskil ironies genoeg ‘n pionierplaas in die eertydse ZAR moes raak, getuig van die belangrike rol wat die oog van Buisfontein in Van der Merwe se motivering gespeel het, toe hy

---

42 Op ‘n landmeterkaart rakende gedeelte 3 van Buisfontein soos in Januarie 1897, word ook aangedui dat die regeringsoordrag van Buisfontein op 16 Januarie 1856 toegestaan was. Kyk Aktekantoor, Pretoria, Kaartnr. 261/97, nr 92, 1897.

43 Dit is die outeurs hiervan se gevolgtrekking dat al die dokumentasie oor die hofsaak en gebeure daarna bestudeer is.

reeds in 1836 sy begeerte vir hierdie stuk grond aan landdros De Clerq oorgedra het.

## Boerderyherinneringe

Plaastoekennings op die Hoëveld is ná 1840 op ‘n geordende wyse deur die Natalse Volksraad beheer.[44] Gesinshoofde was op ‘n saai- en veeplaas geregtig.[45] Elke boer/grondeienaar moes teen 1858 grondbelasting van tien sjielings betaal.[46]

Buisfontein, geseën met die standhoudende fontein, is gereken as ‘n uithaler saai- én veeplaas. Ongeag die gebrek aan deurlopende inligting oor boerdery-aangeleenthede op Buisfontein, kan uit dokumente afgelei word dat beeste, skape, pluimvee en die aanplant van gewasse deel van die vreugdes en stryd om ‘n billike voortbestaan van elke gesin op Buisfontein was. Boerdery het bestaan uit beesboerdery, winter- en somergrane.[47] Water uit ‘n spruit en oog is vir dekades kilometers ver met vore na die De Buys-, Van der Merwe-, Ernst- en Kirstein-opstalle en -landerye gelei.

Mielies was van die eerste gewasse wat met Britse hulp na die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) aangeplant is. Graansorghum, sonneblom en grondbone is enkele dekades later aangeplant. Die verkleining van plaasgroottes het ‘n intensiewe boerderypraktyk gevestig.[48] Die Ernst-nasate het hulle in dié opsig ook op die verbouing van ‘n verskeidenheid vrugtebome en blomme toegespits. In talle opsigte was daar op Buisfontein, en die verskillende gedeeltes daarvan, anders as op party omliggende plase, nooit een bedryfsfokus nie, maar is gemengde boerdery beoefen. Markgeleenthede[49] (gewoonlik Saterdae) op Klerksdorp is benut om ‘n potpourri landbouprodukte, blomme en

44 G.N. van der Bergh, Voortrekkerplaasbesetting op die Transvaalse Hoëveld, pp. 301, 303, 304.
45 J.J. Smit, *Die geskiedenis van Heidelberg, Transvaal, 1836-1877*, pp. 29, 30.
46 Vergelyk P.H.S. van Zijl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, p. 33;
47 Vergelyk ook NWU, Buisfonteinprojek, Herinneringe P.F. Ernst, 2005-10-21.
48 Vergelyk P.H.S. van Zijl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, pp. 53, 56.
49 Teen 1888 het een mark vir die omgewing in Klerksdorp bestaan. In 1905 is ‘n nuwe munisipale mark gevestig, waarna ‘n derde een in 1945 gevolg het. Teen 1978 is dié vervang deur ‘n gebou van R2.75 miljoen wes van Klerksdorp. Dit kan allerweë aanvaar word dat al die markte

handvervaardigde produkte van die hand te sit. So is leerwerk (handsakke, beursies en Bybelomslae) en porseleinpoppe verkoop, wat landwyd versprei het. By ander geleenthede is tydens vendusies en tentoonstellings met die gehalte van kuddes gespog.[50]

## Buisfonteiners en die "politiek", kommandoverpligtinge en oorloë

### *Politieke sentimente en gemeenskapsdeelname*

Amptelike dokumente van 1845 en later, bevestig dat pionier Van der Merwe nie slegs geboer het nie, maar ook 'n sterk steunpilaar in die selftoegesegde vryheid van die blanke gemeenskap in die binneland was. 'n Petisie van 1845 waarop aangedui moes word wie die "hoofd Commandant en bestierder" moet wees, het hy byvoorbeeld die keuse op papier vir Andries Hendrik Potgieter gemaak.[51] Gedurende 1850-1851 en in 1855 was Van der Merwe 'n lid van die ZAR-Volksraad.[52] Voorts blyk dit dat P.F. Ernst (sr.) ook besondere aansien in die gemeenskap geniet het. So is hy saam met A.P.L. Kotzé as "taxateur plaatzen Zuid-Westerlyke grensen" benoem.[53] Ook was die Ernst-familie ingeskakel by, en baanbreker-aktief in die Nederduitsch Hervormde gemeente van Hartebeestfontein naby Klerksdorp.[54]

### *Kommandoverpligtinge*

Tussen blank, swart en bruin was grensoorskrydings, diefstal en geskille oor grond deel van die regeringstaak van die ZAR sedert selfstandigwording in 1854.

---

en markgeleenthede wat tot voor 1978 se mark beskikbaar was, deur die Buisfonteinse boere benut is. Vergelyk A. Brown, *Golden heritage* (Stilfontein, 1983), pp. 33-35.

50 Vergelyk NWU, Buisfonteinprojek, Herinneringe G.C. Ernst, 2007-08-29.

51 NASA, Stukke van die ZAR Volksraad, R.108/45, 1845-05-06.

52 NASA, Unie van Suid-Afrika, 14/2/13: Assistant Chief Archivist – B. Botha (Dept. of Commerce and Industries), 1939-06-17.

53 NASA, TAB, SS, Band 1017, R 5078/84, 1884-12-24. 'n Taksateur het waarskynlik grondbelasting namens die regering by die boere ingevorder. Vergelyk P.H.S. van Zijl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, p. 33.

Boerderybedrywighede is dikwels beïnvloed deurdat die mans opgekommandeer is om die ZAR te help om teen stamgroepe oorloë te voer ten einde vrede te probeer hervestig. Die opkommandering na Wakkerstroom was een só ‘n geleentheid wat van die Buisfonteiners oënskynlik weens “versuim” misgeloop het. As gevolg van ‘n boete skryf H.J. van der Merwe (jr.) op 12 Februarie 1866 ‘n “hoed-in-die-hand-brief” aan die President en lede van die Uitvoerende Raad van die ZAR as ‘n verskoningsbrief vir hulle versuim om vir kommando aan te meld. Dié het hy namens vier ander Buisfonteinbewoners geskryf, te wete H.J. van Jaarsveld, C. Janse van Rensburg, P. Potgieter en P.J. Tennes. Hulle het net geteken. Sy betoog was gegrond op die standaard gerespekteerde benadering van die tyd:

> *Met eerbiet en ons nederig verzoek komin wij tot ons vermindiring van boeten of zoo als uwe kand het vine uit voldaan hebbende aan den oproeping naar Wakkerstroom. Maar dog aan de laatste oproeping na den Frijstaat is voldaan. Zoo nemen wij den vrijmoedigheid om ons tot U hoogedelens te wenden. Moogen wij genaden vinden voor uwe oogen om ons te ontslaanvan dezen boeten het is met toestemming van den Veldcornet den heer P. Zwart wij hoopen in vertrouwen hierop een gunstige antwoord aan ons te verlenen...* [55]

Of die uitkoms van hierdie versoek hoegenaamd jammerte op hoër vlak gewek het, en die onbekende bedrag boete opgeskort is, sal sekerlik met groot moeite in militêre argiefstukke te vinde wees. ‘n Verskuilde aspek wat in hierdie brokkie verlede lê, is dat die Buisfonteiners tussen huis en haard ook maar erg aan lewensgevare en spanninge ter wille van die ideale van “volk en vaderland” blootgestel was.

Een só ‘n gevreesde blootstelling, was die 1885-slag teen die Korannas by Mamoetsa ofte wel Mamusa in die distrik Bloemhof. Die aanleiding hiertoe was die verskuiwing van die ZAR-wesgrens na die oorlog tussen die ZAR en Engeland (ook bekend as die Eerste Vryheidsoorlog) tot by die Hartsrivier in 1881. Dit het grond by Mamusa in twee gedeel. Só is kaptein Dawid Massouw Riet Taaibosch waarskynlik onwillig midde in die stryd om grondbesit tussen die ZAR en

---

54 Vergelyk S.J. Botha, *Gemeente Klerksdorp, 1866-1966* (Krugersdorp, 1966), pp. 79-81.
55 NASA, TAB, SS, 75, Buisfonteiners – Staatsekretaris, 1866-02-12.

Engeland geplaas. By die Londense Konvensie van 1884 is bepaal dat die wesgrens van die ZAR tot by die Marokane-heuwels verskuif word om Mamusa ten volle deel van die ZAR te laat word. Die gevolg sou die vestiging van ‘n reservaat vir die Korannas wees. Dié is nie goed deur kaptein Massouw ontvang nie. Nietemin het kommandant-generaal Joubert, belas met sake rakende swart stamme in die ZAR, op 6 November 1885 by die plaas Niekerksrus (30 km van Mamusa) opgedaag om die “lokasie”-afbakening te finaliseer. Massouw het nie erg hieraan gehad nie en het gevolglik bloot nie daarop ag geslaan nie. ‘n Daaropvolgende ultimatum het ook nie sy belangstelling gewek nie. Gevolglik het ‘n oorlog tussen die Korannas en die ZAR op 2 Desember 1885 begin.

Sowat 800 burgers van die kommando’s van Potchefstroom, Lichtenburg, Bloemhof en Klerksdorp het opgetrek om aan die oorlog deel te neem. Aan albei kante was die veldslag vernietigend en moes die vegters hulle noodwendig onderwerp.[56] Vir die Buisfonteiners het die oorlog ook in ‘n hartseerverhaal geeïndig met die dood van die 27-jarige Pieter Francis (Francois) Ernst op 3 Desember 1885. Veldkornet A.P.J. Cronjé van Schoonspruit het die onbenydenswaardige taak gehad om die nuus aan die familie oor te dra.[57]

***Oorloë***

*Die ZAR teen Engeland, 1877-1881*

Benewens kommandoverpligtinge wat daarop gerig was om van tyd tot tyd veral op te tree teen swart groepe wat klaarblyklik “probleme” veroorsaak het, was die vryheidsvlam van die jong ZAR teen enige sweem van Britse inmenging geneig om helderder te brand. Só ‘n tyd was 1877-1881 en bekend as die Eerste Vryheidsoorlog. Na die plotselinge Britse besetting van Pretoria in 1877, het die ZAR eers die benadering van gesprekvoering gevolg. So is volksaamtrekke gehou,

---

56 Vergelyk S.J. Bester, *Ipelegeng, 1918-1994: Van plakkerkamp tot dorpsgrond – ‘n historiese studie* (MA-verhandeling, PU vir CHO, 1997), pp. 12-14.
57 NASA, TAB, MHG, 3041, sterftekennis, P.F. Ernst, 1885-12-03.

waar onder een in 1878 in die Gatsrand-wyk[58] – waarskynlik ‘n dagreis ver, noordoos van Buisfontein.

Gesprekvoering oor vryheid het nie net by volksaamtrekke gebly nie, maar selfs tot deputasies na Engeland aanleiding gegee. Hoewel ‘n massa altyd met ‘n volksaamtrek meedoen, maar die geskiedenis dit nie altyd volledig vermeld nie, het P.F. Ernst (sr.) sy sentiment sigbaar verewig toe hy gehelp het om ‘n deputasie na Engeland in 1878 te finansier. ‘n Paar beloftes van hulp het ingekom, en die geskiedenis leer dat van hierdie gesprekke weinig positiewe resultate vir die ZAR opgelewer het, en die Eerste Vryheidsoorlog by Majuba in Februarie 1881 vir die ZAR gevolglik suksesvol afgeloop het. Dit blyk dat P.F. Ernst (sr.) in die eerste jare van die stryd uit sy eie sak £98 moes opdok om mee te doen aan die Europese deputasie wat verder uit M.W. Pretorius (Volkskomiteevoorsitter) en J. Visser bestaan het. Gevolglik lui sy brief na afloop van die stryd aan die Uitvoerende Raad van die ZAR in 1884:

> *Hoog Ed. Heren, In het jaar 1878 ben ik Committee lid geweest ten einde fonds bijmekaar te krijge ter stemming den leden van de deputatie die in die tyd naar Europa zyn gegaan om...ons dierbaar land zoo onwettig door Haar Majesteit Goverment van ons ontnomen...en heb ik loan ook getekend van een bedrag van £83. Alleenlyk had van my opgeeischt de som van £77...waarvan ik uit myn eigen zak £98 has betaald & daar het my nie bekend is dat myne mede leden de heren J. Visser & M.W. Pretorius hun bedragen door hen selden betaald weder hebben terug gekrygen...*

Ernst het versoek om minstens vergoed te word vir die bedrag wat hy self betaal het, maar dié versoek is geweier. ‘n Reeds sukkelende ZAR-regering het via dr. Bok – die Europese kommissaris teen 1889 – die versoek in ‘n vriendelik bewoorde brief afgekeur.[59] Buiten dat hierdie reuse som vir die tyd die asems kon laat snak, laat dit die navorser van meer as 12 dekades later met die gevolgtrekking dat Pieter Ernst (jr.) van Buisfontein enersyds deeglik bewus was van die vryheidstryd wat

---

58 E.S. van Eeden, *Die geskiedenis van die Gatsrand vanaf die vestiging van die trekkergemeenskap omstreeks 1839 tot die proklamering van Carletonville in 1948* (MA, PU vir CHO, 1988), pp. 100-102.
59 NASA, TAB, SS, 1006, R5553/84, P.F. Ernst – Europese Commissaris, 1884-11-25.

die ZAR gestry het, aangesien hy dit direk deurleef het en andersyds dat hy in dié tyd een van die handjievol vermoënde burgers van die ZAR was.[60]

*Die Oorlog van 1899-1902*

Jare later, in 1899-1902, was die ZAR en Engeland weer in ‘n stryd betrokke wat deur bloedvergieting en uitsonderlike barbarisme vir die tyd gekenmerk is.[61] Klaarblyklik was die Buisfonteiners, volgens Frikkie Ernst wat in 1939 tydens die 100-jarige eeufeesviering van Buisfontein se bestaan sy herinneringe met nasate gedeel het, van die eerstes in die Klerksdorpgebied wat die wapen teen die Britse soldate opgeneem het. Kommandolede van die westelike gebiede (wat Klerksdorp insluit) sal onthou word vir hulle betrokkenheid in die Kimberley-omgewing en die slag van Magersfontein. Pionier P.F. Ernst was met die uitbreek van dié oorlog in 1899 reeds te oud om op kommando te gaan. Sy oudste seun Hendrik Jacobus (Koos) het ook nie gegaan nie. Een van P.F. Ernst se seuns – Willem Hendrik Johannes (Willie) – het ‘n besondere ervaring gehad toe hy tydens die oorlog ure lank in die koue Schoonspruitrivier tussen riete vir die Britse troepe weggekruip het. Die gevolge daarvan het hy vir jare tot in sy gryse ouderdom saamgedra. As gevolg van koue op die rug het hy sy lewe lank geboë geloop. In Desember 1901, enkele maande voor die vredesluiting, is Willie gevang en in Januarie 1902 as banneling na St. Helena gestuur.[62]

Met die vredesluiting was dit weer F.W. Ernst wat, klaarblyklik grotendeels te danke aan sy patriotisme en met ‘n stewige tikkie Ernst-vurigheid, nie die verdrag wou onderteken om daarmee sy trou aan die Britse regering te gee nie. Familie het hom oorreed om dit te doen, andersins sou ‘n sig op die Suid-Afrikaanse son nooit weer vir hom beskore wees nie. Derhalwe het Frikkie bes gegee en hom op veertigjarige ouderdom weer op sy gewaardeerde grond op

---

60 Vergelyk E.S. van Eeden, *Geskiedenis van die Gatsrand*, p. 36 waar sowel P.J.W. Schutte as F.G. Wolmarans geld aan die staat geleen het.

61 Vergelyk E.S. Van Eeden, ’n Oorlog met vele name – standpunte en realiteite oor ‘dié Oorlog’ (1899-1902) in Suid-Afrika, *Literator* 20(3), November 1999; B.J. Liebenberg and S.B. Spies (eds), *South Africa in the 20th Century* (Pretoria, 1993), pp. 8-20.

Buisfontein gevestig.[63] Op sy beurt was Frederick Wilhelm (Frikkie) se vrou, Maria Buys, tydens die oorlog self ‘n dame wat nie sommer bes gegee het nie. Sy het byvoorbeeld die Vierkleur na die Howick-konsentrasiekamp saamgeneem, en het saam met ander kampvroue vir so tikkie andersheid binne die kamp gesorg. ‘n Herinnering wat deur E.J.J. van der Horst opgeteken is, wat die gevangenes in die Howick-kamp geestelik bearbei het, lui soos volg

> *Dis 16 Desember 1901: Dingaansdag! ‘n Betekenisvolle stilte heers in die kamp. Hier en daar hoor ek ‘n mompeling, maar niks duidelik nie. Ek sit in my tent. ‘n Gedruis! ‘n Rumoer wek my! Ek kyk uit my tent en sien van die anderkant van die kamp ‘n optog bestaande uit vroue en kinders. Vooraan die optog wapper die vlae van die Transvaal en die Vrystaat in die Natalse môrelug. Helder klink daar uit die vrouekele die eerste vers van die Transvaalse Volkslied: ‘Kent gij dat Volk vol heldenmoed?’... Die optog gaan reguit na die kantoor van die Kampkommandant... Weer word volksliedere gesing met ‘n gevoel soos ek nooit sedert die tyd gehoor sing het nie. Die Kampkommandant, Hunter... en sersant Allaway staan voor die deur. Allaway is boos en vra aan die kommandant: ‘Are you going to allow this? Why don’t you stop it?’. Die kommandant met meer mensekennis, indien nie met meer simpatie nie, antwoord: ‘Stop it? Try it, if you dare.” Allaway gryp na die voorste vlag, maar voordat sy hand dit kon bereik, het die vroue hom beetgepak, en hy moes uitvind dat die sagte vrouehande harde klappe kon uitdeel, en kragtig kon vasklou. Waar vatplek was, word gevat en warm geklap. Heeltemal verskeurd word hy uiteindelik losgelaat en hy vlug die kantoor in. Nogeens weergalm die Volksliedere en die optog keer terug, ordelik en voldaan...*[64]

Van der Horst het ook ouma Buys se herinneringe aan haar kleinkinders met soveel staaltjies opgeteken. Sy het byvoorbeeld vertel dat sy haar Vierkleur onder haar rok versteek het om seker te maak dit beland nie in vyandelike hande nie.[65] Dit was ‘n tyd wat vroue en kinders op elke plaas geraak het, maar nie alle vroue het hulle herinneringe met die nageslag gedeel of te boek gestel nie. Wel onthou Ernst-nasate hoe ouma Gertruida Cecelia Keet (ofte wel ouma Non) altyd vertel het hoe sy die Engelse troepe wat hulle van die plaas verwyder het in goeie Engels (uit haar

---

62 Vergelyk S.J. Botha, *Gemeente Klerksdorp, 1866-1966* (Krugersdorp, 1966), p. 98.
63 NWU, Buisfonteinprojek, Herinneringe P.F. Ernst, 2006-02-03.
64 M.M. Postma, *Stemme uit die verlede* (Johannesburg, 1939), Voorrede deel I.
65 NWU, Buisfonteinprojek, Herinneringe P.F. Ernst, 2006-02-03.

skooljare in ‘n klooster) kon oorreed om darem die ysterbababedjie op die reeds swaar belaaide perdekar te sit sodat sy dit makliker met haar jongste baba kon hê.[66]

**’n Behoefte aan geletterdheid**

Feitlik twee dekades na die afsterwe van Buisfontein se landboupionier Hendrik Jacobus van der Merwe, was die oprigting van ‘n skooltjie op die plaas in 1898 een van die prominentste sake wat deur die bewoners van Buisfontein gedryf is. Dit was ‘n era waarin aan onderwys in die eertydse ZAR meer prominensie sedert die 1860’s verleen is[67] en die Buisfonteiners wou seker maak dat hulle kinders voordeel uit verbeterde onderwysmoontlikhede put. P.F. Ernst (sr.) se 35-jarige seun Frederick Wilhelm (Frikkie) het hierin die leiding geneem. Só is deur die nodige sleurprosedures aansoek om die oprigting van ‘n skool gedoen. In Mei 1898 is die bal opnuut aan die rol gesit toe ‘n petisie deur die Buisfontein-ouers opgestel is waarin die behoefte aan ‘n wykskool op dié plaas aan die Superintendent van Onderwys voorgelê is. Die bewering is in die petisie gemaak dat sowat 24 kinders in ‘n radius van byna 30 km uit só ‘n stap voordeel kon trek. Die uitdruklike versoek om ‘n Hollandse onderwyser is ook gerig.

F.W. Ernst het intussen toegesien dat die vereiste geboue opgerig word. ‘n Geskikte onderwyser is terselfdertyd gesoek om ‘n moontlike gesloer deur die Superintendent van Onderwys te ontduik.[68] Selfs ‘n skoolkomitee, as ‘n vereiste, was reeds benoem en het bestaan uit F.W. Ernst, F.J. Stijn en J.J. van der Linde met F.W. Ernst as voorsitter (almal familie op Buisfontein).[69]

Met só ‘n grondige vooraf organisasie, was toestemming feitlik ‘n gegewe. ‘n Gebore Rotterdammer, P.H. van Kocksveld van Klerksdorp, was op 1 Julie 1898

66 Vergelyk T. Pakenham, *Die Boere-oorlog* (Johannesburg, 1981), p. 471; NWU, Buisfonteinprojek, Herinneringe G.C. Keet (kleinkind van G.C. Keet wat met haar kinders na die Klerksdorpse konsentrasiekamp geneem is), 2007-08-29.
67 Vergelyk E.S. van Eeden, *Geskiedenis van die Gatsrand*, pp. 73-92.
68 NASA, TAB, OD, OR 7453/98, F.W. Ernst – Superintendent van Onderwys, 1898-06-14.
69 NASA, TAB, OD, 227, OR 73127514, F.W. Ernst – Inspekteur Scholen, Potchefstroom, 1898-06-24.

die eerste benoeming as onderwyser op Buisfontein.[70] Kort hierna was dit H. Meester en sy 17-jarige dogter G.H. Meester wat van 5 Oktober 1898 vir jare die onderwysposte op Buisfontein gevul het.[71] Daarmee is aan die maandelange behoefte aan 'n wykskool vastigheid verleen.[72] Die Meesters het ook spontaan deel van die Buisfontein-gemeenskap geword, en selfs uiteindelik 'n gedeelte van die Buisfonteingrond aangekoop.[73]

## 'n Nuwe eeu op Buisfontein – van die swaarkry-sukkel-jare tot 'n nuwe millenium

### *Die lewe na die Vrede van Vereeniging, 1902*

Die afloop van die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) het ook van die Buisfonteiners 'n kop-oplig-benadering vereis. Tussen die baie aansoeke om skadevergoeding wat die destydse Repatriasiekommissies in die verslane ZAR moes hanteer, was ook enkele aansoeke van Buisfontein. Só byvoorbeeld het P.F. Ernst (stamvader) in 1903 'n versoek gerig om skadevergoeding aan sy plaas ten bedrae van £2882-4-0. Die Kommissie was uiteindelik bereid om wel £1817-0-0 toe te staan vir die skade aangerig, soos Ernst in die slotgedeelte van sy aansoek kortliks uiteengesit het:

*I the undersigned Pieter Francois Ernst make oath and say:*

1. *I am a farmer and a burgher of the late South African Republic residing on the farm Buisfontein.*
2. *I was captured near Wolmaranstad by Lord Methuen's column on 1st December 1901 and detained a prisoner of war at St. Helena, from where I only recently returned to my home, consequently I was not in a position to make up & send in my claim at an earlier date.*
3. *The foregoing is a ... correct statement of war losses sustained by me. The property and stock to be specified lawfully belonged to me at the time of removal or destruction.*

---

70 NASA, TAB, OD, 227, OR 73153, F.W. Ernst – Superintendent van Onderwijs der ZA Republiek, Pretoria, 1898-05-27; OD, 235, OR 9924/98, P.H. van Kocksveld – Superintendent van Onderwijs, 1898-06-25; OD, OR 7453/98, F.W. Ernst – Superintendent van Onderwys, 1898-06-14.
71 NASA, OD, 408, OR 15164/98, F.W. Ernst – Superintendent van Onderwys, Desember 1899.
72 NWU, Buisfonteinprojek, Herinneringe P.F. Ernst, 2005-10-27.
73 NASA, RAK, 2875, Oordragregisters Klerksdorp, 1869.

4. *Having lost all my stock and property aforesaid and being now old and unable to assume my farming operations without assistance I humbly beg to be compensated for the above-mentioned losses.* [74]

Willem Hendrik Johannes Ernst het in 1904 'n dergelike eis ingedien,[75] en dit kan aanvaar word dat ander Buisfonteiners se aansoeke dieselfde weg gevolg het nadat lord Methuen se kolonne verwoesting gesaai het toe dié uit die Pretoria-rigting na die Klerkdsorpgebied beweeg het, en padlangs ook die Wielryderskorps se held, Danie Theron, tydens 'n skermutseling by Gatsrand naby Potchefsroom laat sneuwel het.[76]

Tydens die werksaamhede van die Repatriasiekommissie is oral op plase in die ZAR gespook om weer 'n redelike lewensbestaan te maak. Die toe bejaarde P.F. Ernst (sr.) se nasate het reeds meer as 'n stewige hand in die boerderybedrywighede op Buisfontein gehad, wat hy en sy skoonpa Van der Merwe help opbou het. Herinneringe van Frederick Wilhelm Ernst se boerdery-aktiwiteite was dat baie vrugteboorde aangelê was, onder meer sewe soorte vye, tien soorte perskes en heelwat sitrusvrugte. Soos vantevore, is met beeste en gewasse soos mielies, koring en hawer geboer.[77]

Voor die koms van motors het die poskoetsdiens steeds die bekende roetes deurkruis en vir boere was die voorsiening van kos en water aan perde 'n welkome inkomste. Die donker kant van hierdie bedryf was dat siek perde iewers in afsondering op 'n boer se grond gehou moes word totdat hulle gesond was. Só is gedokumenteer die kwarantyn wat vanweë longsiekte in Februarie 1904 op C.J. du Toit se beeste van toepassing was. Vir 'n jaar lank was hierdie inkomstebron 'n onekonomiese bedryf.[78] Dit blyk ook dat die Buisfonteiners reeds vroeg in die 20 ste eeu heel bekend was met gewasbehandelings om insekskade te beperk.[79]

---

74 NASA, TAB, Central Judicial Commission, [CJC], 982, 463, Claims for compensation. Burghers, Potchefstroom, Claim, Pieter Francois Ernst, 1909-01; 1903.

75 NASA, TAB, CJC, 975, 103, Claims for compensation. Burghers, Potchefstroom, Claim, Willem Hendrik Johannes Ernst, 1904.

76 Vergelyk E.S. van Eeden, *Die geskiedenis van die Gatsrand*, pp. 73-92.

77 Vergelyk NWU, Buisfonteinprojek, Herinneringe Max Ernst, 2007-08-03.

78 NASA, TAB, Transvaal Agricultural Department, (TAD), AL 254, C.J. du Toit, Buisfontein.

79 NASA, TAB, Chief Entomologist [CEN], 19, EE 1112, Entomologist, Dept of Agriculture – W. Ernst, 1910-02-18.

Benewens die landbou, het godsdienstige en politieke bedrywighede en onderwys mettertyd weer momentum gekry.

Met Ernst (sr.) se skoonseuns ook werksaam om ‘n bestaan te maak, en die mensetal wat intussen aansienlik toegeneem het, was konflik sekerlik soms onvermydelik. Een so ‘n onaangename herinnering was in 1935 toe van die Buisfontein-aangetroudes en bloednasate van die Ernst-familie oor die “onwederegtelike” verbeterings deur C.J. du Toit aan ‘n servituutdam op Buisfontein swaarde gekruis het. Dit het klaarblyklik daartoe gelei dat W.H.J. Ernst nie genoeg water vir sy gewasse gehad het nie. ‘n Maandelange hofsaak het gevolg. Op 16 September 1936 neem die hofsaak skielik ‘n wending toe beide W.H.J. Ernst en C.J. du Toit besluit het om ‘n skikkingsbepaling te onderteken.[80] Ander lede van die groter familie op Buisfontein het waarskynlik genoegsame druk op albei partye geplaas om tot ‘n skikking buite die hof te kom. Met die vuur geblus, kon almal weer met hulle lewens voortgaan.

So saam met die donker kante van die daaglikse lewe was daar ook ligte oomblikke. Ernst-nasate was in die kontrei as ‘n joviale klomp mense bekend wat geweet het hoe om feestye op ‘n spesiale manier te vier en geniet. So is 21 kanonskote (met ‘n kanon wat Grietjie gedoop is) tydens Nuwejaar afgevuur. In die Buisfonteinkloof is gereeld skyfskietkompetisies gehou en pryse uitgeloof. As die seile eers gelê is, is tot baie laat gedans en gerumoer. Hierdie plesierigheid is aan die nageslagte oorgedra.[81]

### *Italiaanse krygsgevangenes se nalatenskap*

Op Buisfontein was ander Buisfonteinfamilies en was die Ernst-nasate gedurende die jare van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) en die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) nie so direk soos in die negentiende eeu blootgestel nie. Uit hierdie treurige gebeure vir baie ander het die Buisfonteiners ‘n nalatenskap verkry toe Italiaanse krygsgevangenes tydens die Tweede Wêreldoorlog ‘n winkeltjie op die

80 Kyk dokumentasie oor hofsaak soos in NASA, TAB, TPD, 5/425, 314/1936, 1935-10-28-1936-09- 1936.

plaas opgerig het. Dit het as die Sonop kontantwinkel bekend geword. Benewens die gebou, was die terrasse en terreinverfraaiing ook die krygsgevangenes se handewerk.[82]

### *Buisfontein kry nuwe eienaars*

Wat in die twintigste eeu algaande ook vir Buisfontein soos vir etlike ander plattelandse gebied sou geld, is dat van die Buisfonteinnasate en aangetroudes mettertyd hulle lewensruimtes verbreed het en op dorpe gaan woon het,[83] en/of ook ander plase in die distrik Klerksdorp en verder bekom het. Hieronder is plase soos Vlaklaagte; Brakspruit (waarvan 'n gedeelte ook "Ernstrus" genoem is);[84] Uitkyk, Schoemansfontein, Witpoort, Lapfontein, Rooikuil, Lemoenfontein en Geduld.[85] Gedurende die dertigerjare het Hendrik Jacobus se seun Pieter Ernst op die plaas Arizona, in die distrik Klerksdorp, geboer.[86] Ook in hierdie tyd het Willem Hendrik Johannes se Pieter Ernst op die plaas Rietgat in die Lichtenburgse omgewing geboer.[87] Pieter Francis, die tweede seun en naamgenoot van Pieter Francis (sr.), se seun Pieter Francis (derde geslag) het weer op Luipaardsvlei in die distrik Krugersdorp geboer.[88] Nie al die Ernst- nasate het dus op Buisfontein bly boer nie, as gevolg van onderverdeling oor jare en uiteindelik te min grond en geleenthede om aan almal se behoeftes te voldoen. Gevolglik dat vir die Ernst-nasate op Buisfontein 'n tydperk van sowat 20 tot 30 jaar (1950-1980) yl voorgekom het. Hiermee is 'n eens ryke familiegeskiedenis op Buisfontein aan ontrafeling blootgestel. 'n Veranderende plaasbesettingsprofiel het nuwe eienaars die aankoopgeleenthede van gedeeltes van Buisfontein laat benut, soos beslote

---

81 NWU, Buisfonteinprojek, Herinneringe P.F. Ernst, 2006-02-03; Ernst-familiesaamtrekke op Buisfontein, 2005; 2007-08-03.
82 Vergelyk NASA, SAB, CDB, 14999( 2), PB 4/19/2/23/367/1, S.J. Vermaak, 1978.
83 Vergelyk N. Warden, *The making of modern South Africa. Conquest, segregation and apartheid* (USA, 1994), pp. 35-50; T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history* (Hong Kong, 1991), pp. 485-487.
84 NASA, MHG, 13260, 1980; 33187/17, sterftekennis, Susanna Carolina Ernst (geb. Schoeman), 1917-09-09; 2370/40, sterftekennis, Willem Hendrik Johannes, 1940.
85 NWU, Buisfonteinprojek, Herinneringe P.F. Ernst, 2006-02-03.
86 NASA, TAB, MHG 81924, sterftekennis, P.F. Ernst, 1933-06-23.
87 NASA, TAB, MHG 1813/41, sterftekennis, P.F. Ernst, 1941-05-13.
88 NASA, TAB, MHG 3749/51, sterftekennis, P.F. Ernst, 1951-06-28.

korporasies, die regering, finansiële instansies, kerke, toerisme-entrepreneurs en individue.[89] Die plaaslewe daar het doodgewoon voortgegaan. Die oog van Buisfontein was steeds die lewensaar vir hulle wat bly boer het.

Ten spyte van minder aktiwiteite deur die Ernst-nasate op Buisfontein is die vaardighede wat daar geleer is, sekerlik elders op plase deeglik benut. Binne die F.W. Ernst-lyn is dit veral kleinkind P.F. Ernst (*1922-03-07) wat in latere jare prominent is. Sy sukses binne die boerderybedryf en sy groter betrokkenheid in die organisering en bestuur van landbousake (veral boereverenigings) in die Leeudoringstad- en Wolmaransstad-distrikte het van P.F. Ernst veral ‘n huishoudelike naam in hierdie omgewings gemaak.

## Buisfontein as toekomstige toeristebestemming

### *Fasette van die kultuurhistoriese erfenis*

Soos elders, het die wonings op Buisfontein nie aan vandalisme tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) ontkom nie. In opdrag van die Stadsraad se Bewaringsplan-aksiekomitee, het die Klerksdorp Museum teen die middel-tagtigerjare van die vorige eeu nege van die belangrikste besienswaardighede en geboue op Buisfontein volledig gefotografeer en gedokumenteer:[90]

- Daar is bepaal dat P.F. Ernst voor 1850 aanvanklik in ‘n tweevertrek-huisie van skalieklipmure en ‘n brakdak van kleigrond teenaan die rant op die plaas gewoon het. Mettertyd is hierdie gebou verder vergroot en ook vir die doeleindes van ‘n perdestal benut. Klipkrale was noord van die huis gebou en was vas aan die huis. Met, heelwaarskynlik, die behoefte aan meer kamers vir sy groter gesin, is ‘n ander huis 50 m suid van die eerste Ernst-huis opgerig. Dit het ‘n perskepitvloer gehad wat mettertyd vernietig is toe die huis later deur boerbokke beset is. ‘n Victoriaanse huis is sowat 18 jaar voor Pieter Ernst (sr.) se dood verder suid (sowat 50 m) van die tweede Ernst-huis opgerig. Teen die

89 Vergelyk NASA, RAK, 2875; DB143/1920; NWU, Buisfonteinprojek, Herinneringe P.F. Ernst, 2006-02-03.
90 Vergelyk R. Marx, Buisfontein, *Restorica*, Oktober 1984, pp. 43-46; *The New Klerksdorp Record*, 1939-05-12; A.R. Wilcox, *Southern land* (Cape Town, s.d), p. 195.

1950's is dié huis verder gemoderniseer (hooframe van vensters is byvoorbeeld deur staalrame vervang);

- Die oudste seun, Hendrik Jacobus Ernst, het kort na ca. 1880 ook sy selfstandigheid gevestig toe hy vir hom 'n tweevertrekhuis van klip met 'n aangrensende waenhuis enkele honderd meter van die oorspronklike opstal opgerig het. Ook die uitbreiding van sy gesin was genoegsame motivering om teen 1898 'n ruim woning ten ooste van sy ou huis te bou. Dit was met die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog in 1899 pas voltooi, maar is 'n jaar later deur Britse soldate afgebrand. Na 1902 is die huis herstel.
- P.I. Kirstein se huis, na sy oorname van Hendrik van der Merwe jr. se gedeelte van die plaas, was glo iets vir die oog.[91] 'n Imposante herehuis wat teen 1980's nog as een van die heel mooistes in die distrik Klerksdorp beskou is. Van hom word gesê dat hy beslis 'n vermoënde man was. R. Marx se goed-opgetekende beskrywing van die huis lui soos volg:

  > *Dit is teen die skuinste gebou wat meebring dat die voorkant ongeveer 3 m. hoër as die agterkant gebou moes word. Aan weerskante het hy as 't ware 'keldervertrekke' onder die stoep se pakkamers laat bou... oorspronklike geelhoutdeure... gietyster pilare van sowel die voor- as agterstoep is uit Skotland ingevoer.*

Hierdie tagtigerjare se hernude belangstelling in Buisfontein – wat sekerlik grotendeels met Klerksdorp en Potchefstroom se 150-jarige herdenkingsgeleenthede saamgeval het – het onses insiens tot voordeel van die hernude fokus op die kultuurhistoriese skatte en uitsonderlike omgewingskarakteristieke van Buisfontein gestrek. Teen September 1991 was korrespondensie tussen die Klerksdorp Museum en die Stadsraad van Klerksdorp daarop gerig om uiteindelik 'n ontwikkelingskonsep uit die baie opsies te kies wat

91 Dit blyk dat die huis waarin Van der Merwe (jr.) gewoon het, ook spesiaal was. Onder meer was die binnedeure en houtbekleding by die kosyne almal gegreineer, terwyl die deurknoppe en knoppe aan die vensterknippe van porselein was. Alle vertrekke, buiten die sitkamer aan die agterkant van die huis, was voorsien van plankplafonne en laasgenoemde van 'n doekplafon. Kyk Klerksdorp Museum, Verslag van historiese strukture op die plaas Buisfontein 367 IP, Deel 2 & 3, 1989-1990.

Buisfontein se kosbaarhede as potensiële toeriste-aantreklikheid tot sy reg sou laat kom (ironies genoeg was Buisfontein tot toe nog nie binne die regsgebied van Klerksdorp se bestuur nie, maar is die nodige aandag reeds aan die bewaring daarvan geskenk).[92] Dit sou eers enkele jare later wees dat daadwerklike pogings op inisiatief van die Ernst-nageslag aangewend is om hulle historiese verbintenis met, en die toekomsmoontlikhede van, Buisfontein te ondersoek.

### *Terug in pionierhande*

Wat veral opval, is die proses wat P.F. Ernst jr. (genoem Boeta en seun van P.F. Ernst uit die F.W.-Ernst-stamlyn) sedert die laat-negentigerjare van die vorige eeu aan die gang gesit het om die oorspronklike plaas Buisfontein weer stuksgewys op te koop en tot sy eertydse glorie te herstel. Op sigself was dit 'n formidabele taak om die verdeelde Buisfontein deur onderhandeling te begin konsolideer met eienaars, en fondse beskikbaar te stel om dié aankope moontlik te maak. Die hele proses het miljoene rand beloop, en was teen 2007 nog nie in 'n finale fase nie. Die gedeeltes van plaasaankope met die oog op konsolidering het soos volg verloop:

**Plaasaankope, 1993-2007** [93]

| | | |
|---|---|---|
| * Gedeelte 4 Pieter Ernst Family Trust | 2/6/2004 | Grootte: 334.0403 ha |
| * Gedeelte 5 Pieter Ernst Family Trust | 3/9/2004 | Grootte: 553.6609 ha |
| * Gedeelte 7 Pieter Ernst Family Trust | 3/9/2004 | Grootte: 25.6960 ha |
| * Gedeelte 8 Buisfontein Trust | 21/06/2004 | Grootte: 155.2523 ha |

92 Vergelyk R. Marx, Buisfontein, pp. 43-46; R. Marx, De Buys tot Neser, *Western Transvaal Record*, 1988-10-07, p. W3.

93 Privaatversameling, P.F. Ernst (Plaas Bona-Bona), Koopkontrak T61820/1993, 2004-09-03; Koopkontrak T70767/1995, 2004-06-02.

| | | |
|---|---|---|
| * Gedeelte 10 Plaas Buisfontein cc | 2002 | Grootte: 19.9541 ha |
| * Gedeelte 11 Plaas Buisfontein cc | 2002 | Grootte: 199.8575 ha |
| * Gedeelte 26 Plaas Buisfontein cc | 2002 | Grootte: 10.9277 ha |
| Gedeelte 27 gekonsolideer tussen Gedeeltes 10, 11 & 26<br>* Plaas Buisfontein cc | 2002 | Grootte: 43.6638 ha |
| *Gedeelte 29 Buisfontein Wildreservaat cc | 13/12/2000 | Grootte: 175.5430ha |

**Die omgewing en menslike oorblyfsels as stille getuies van oeroue erfenisse**

***Die omgewing en fontein van Buisfontein***

Soos sedert die Ystertydperk, het die oog van Buisfontein nog in 2007 aan sy bewoners 'n waterryke area as tuiste gebied. As plaas is Buisfontein bekend vir sy rante, klowe en waterstroompies, asook oorblyfsels van vulkaniese aktiwiteite van miljoene jare gelede in die gebied, en wat nog in geologiese formasies waarneembaar is. Volgens die Klerksdorp Museum was daar teen 1968 min plase in die eertydse Transvaal wat met antropologiese strukture kan spog wat uit die Ystertydperk dateer.[94]

***Die hervestiging van diere as 'n jagtersparadys***

Teen die vroeë twintigste eeu en vroeër was wild in die omgewing geensins ongewoon nie. Nasate herinner hulle nog aan die dierelewe wat ingesluit het: bobbejane, jakkalse, steenbokke, duikers, ribbokke, tarentale, fisante, patryse en

wilde-eende.[95] Die langtermynideaal vir Buisfontein blyk tans te wees om die gedeelte tot `n natuurlewe-landgoed te ontwikkel (veral met ‘n beklemtoning van die natuurlike hulpbronne en die dierelewe), en waarin historiese herinneringe ook prominent sal figureer (onder meer die argitektoniese restourasie van die eerste pionierswonings) **[Fig. 4 (a) & (b)].**





**Figuur 4(a) & (b): Die Victoriaanse huis van P.F. Ernst – gebou in ca. 1880 en in 'n proses van restourasie sedert 2006**
(Uit: R. Marx, Buisfontein, pp. 43-46; Klerksdorp Museum, Manuskrip, R. Marx, *Coenraad de Buys se Buisfontein*, ca. 1985; NWU, Buisfonteinprojek, Herinneringe Max Ernst, 2007-08-03)

94 R. Marx, Buisfontein, pp. 43-46; Klerksdorp Museum, Manuskrip, R. Marx, *Coenraad de Buys se Buisfontein*, ca. 1985.
95 NWU, Buisfonteinprojek, Herinneringe Max Ernst, 2007-08-03.

Die oogmerk is dat hierdie omgewing, met sy eie verhaal, nie net prominent sal wees binne die jaarlikse Ernst-familiefeeste nie, maar mettertyd ook gekommersialiseer sal word om ook die weetgierigheid van streekskultuurliefhebbers te bevredig. In dié verband is 'n stewige begin reeds tot Augustus 2007 gemaak. So is:

- 'n kampterrein ingerig;
- 'n wildsheining aangebring; **[Fig. 5]**
- die eerste wild afgelaai (dit sluit in njalas, rooibokke, bosbokke en koedoes, terwyl die hervestiging van ribbokke vir die toekoms beplan word);
- wildsritpaaie is gemaak; en
- 'n embleem vir Buisfontein ontwikkel.[96] **[Fig. 6]**



**Figuur 5: Wildsheining, Buisfontein, 2007**

(Foto: P.F. Ernst jr.)

96 NWU, Buisfonteinprojek, Herinneringe Pieter Ernst, Junie 2007; 2007-09-07.




**Figuur 6: Die embleem van Buisfontein**[97]
(Foto: P.F. Ernst jr.)

## Slotbeskouing

Ooreenkomstige aspekte soos grondbesit en vestigingspatrone van veral Trekker-gemeenskappe is die historiese bekendheid van Buisfontein dat dit die eerste plaas noord van die Vaalrivier is wat sedert 1837 permanent deur blankes bewoon is, en waarvoor eiendomsreg bekom is. Daarby word die plaas met die eertyds omstrede Coenraad de Buys verbind, wat te oordeel aan sy lewensuitkyk en handelinge, in talle opsigte eerder in die 21ste eeuse demokratiesgerigte Suid-Afrika sou ingepas het.

Teen 1980 was die plaas in 30 dele verdeel, en nie meer in beheer van nasate van die eerste prominente trekkerpioniers (H.J. van der Merwe en P.F. Ernst) nie. Historiese, argitektoniese en omgewingsentimente – uit blyke van die herinneringswaardige nalatenskap opgesluit in Buisfontein – het daartoe aanleiding

---

97 Die blou gedeelte van die embleem (waarvan die naam by verskillende ingange van die plaas verskillende nommers verteenwoordig) simboliseer die water/fontein teenoor die horings wat die wildslewe simboliseer. Die son as simbool aksentueer fasette van dinamika, energie en kreatiwiteit wat elke dag in die mens se lewe voorkom, van toeka tot nou.

gegee dat Ernst-nasate, sedert die negentigerjare van die vorige eeu, ‘n unieke poging aangewend het om van die afsonderlike gedeeltes van Buisfontein te herkonsolideer.  Die oogmerk daarvan is enersyds vir nasate se gebruik en waardering, en andersyds om sowel verkennend as pro-aktief in die restourasieproses te wees oor die toerismepotensiaal daarin opgesluit. So sou hierdie toekomstige treë ook die sosio-antropologiese waarde opgesluit in Buisfontein deur middel van intensiewer navorsing kon blootlê, as bydrae tot ‘n omvattende interdissiplinêre perspektief op ‘n ryk pioniersomgewing.